

*Boeremagsaak byt:*

## Nog 'n internasionale rooi gesig vir ANC-regering

Aan die een kant dien die ANC-beheerde regering 'n klagte teen Israel in by die Internasionale Gereshof in Den Haag op grond daarvan dat dié land die Volksmoordkonvensie oortree deur volksmoord in Gaza te pleeg. Volgens 'n regskenner met wie *Die Afrikaner* gepraat het, kan dit menseregte-skendings insluit, aangesien dit optredes kan insluit soos die dood van burgerlikes, onmenslike behandeling en beperking van kos, water en mediese sorg.

Aan die ander kant staan die ANC-geleide regering self in die beskuldigdebank dat hy menseregte skend.

Dit het baie duidelik gebleik uit 'n uitspraak van die Internasionale Regskommissie vir Menseregte in Genève, wat bevind het dat die verhoorhof en Suid-Afrika in die Boeremagsaak verskeie basiese verhoorregte van die aansoekers geskend het in die hantering van die saak en teenoor die beskuldigdes. Die Republiek van Suid-Afrika word gelas om ten volle regstelling en vergoeding aan die aansoekers te verskaf binne 'n tydperk van 180 dae.

Prof. Hercules Booyen, 'n internasionale regskenner wat tans in die buiteland woon, het die saak namens dr. Lets Pretorius en sy seuns gevoer en by die Internasionale Regskommissie vir Menseregte aanhangig gemaak.

Die uitspraak lui: "Ingevolge artikel 2 (3) (a) van die Verdrag is die Staatsparty verplig om die (klaers) van 'n effektiewe remedie te voorsien. Dit vereis dat hy volle vergoeding moet betaal aan individue wie se Verdragsregte geskend is. Die Komitee is van mening dat sy Standpunte oor die meriete van die klagte in die huidige geval voldoende vergoeding uitmaak vir die bevindde oortredings. Die Staatsparty is ook verplig om stappe te doen om te verhoed dat soortgelyke oortredings in die toekoms plaasvind."

"12. Met inagneming dat die Staatsparty, deur 'n party by die Opsionele Protokol te word, die be-

voegdheid van die Komitee erken het om te bepaal of daar 'n skending van die Verdrag was en dat die Staatsparty, ingevolge artikel 2 van die Verdrag, onderneem het om aan alle individue binne sy gebied en onderworpe aan sy jurisdiksie die regte wat in die Verdrag erken word, te verseker en 'n effektiewe remedie te bied wanneer bepaal is dat 'n skending plaasgevind het, wens die Komitee binne 180 dae van die Staatsparty inligting te ontvang oor die maatreëls wat geneem is om uitvoering te gee aan die Komitee se Standpunte. Die Staatsparty word ook versoek om die huidige Standpunte te publiseer en dit wyd te versprei." versprei in die tale van die Staatsparty."

Die uitspraak beteken dus dat die staat die mense-regte van die Pretoriusse geskend het. Skynbaar was van die skendings dat hulle nie altyd deeglike toegang tot hulle regsvertegenwoordigers gehad het nie, dat hulle nie alleen kon konsulteer nie, en dat die staat meeluister apparate geïnstalleer het tydens konsultasies, wat die staat dan gebruik het in hulle saak.

As dit die geval was met die Pretoriusse, word dit aanvaar dat dit met alle beskuldigdes in die Boeremagsaak gebeur het. Op grond van hierdie uitspraak, sou hulle dus waarskynlik ook 'n saak kan uitmaak dat hulle vergoeding moet kry.

Helaas kan dit vir hulle geen verligting van enige vonnis beteken nie, want sover bekend is almal reeds weer uit die tronk nadat hulle gevangenisstraf uitgedien het.

Een van die regte wat geskend is, is die reg om te appelleer. Die saak wat meer as tien jaar in die hof was, se oorkonde is so lywig, dat dit net nie moontlik was om dit op appèl te plaas nie.

Dit sal interessant wees om te sien wat die Suid-Afrikaanse regering gaan antwoord op hierdie uitspraak. Die proses om vergoeding te betaal aan beskuldigdes, kan ook 'n lang proses wees, wat die staat waarskynlik so lank moontlik sal uitrek.

## Afrikaners ontwaak

Slim vang soms steeds sy baas, veral as jy beter wil wees.

Die Betereinders is 'n betreklik linkse organisasie van jongmense wat enkele jare gelede tot stand gekom het as teenvoeter vir die regse Bittereinders-beweging. Skynbaar het hulle ook gehoop om verwarring te skep met die naamspeling, maar sedert hulle stigting was hul nie baie sigbaar aktief nie, in teenstelling tot die volksgesinde Bittereinders.

Die beteweters van die Betereinders het nou lelik op hulle neuse gekyk toe die resultaat van 'n meningspeiling, wat hulle self aangevra het, 'n ander prentjie geskets het as wat hul graag wou hoor. Vandaar dat die voorsitter van die klomp, ene Schalk van Heerden, dié uitslag as

“kommerwekkend” beskou omdat “rassespanning die diskoers oorheers”.

Ons gun hulle hul kommer, want die opname is vir ons positief, want dit wil voorkom of daar weer meer van 'n volks- en rasbewustheid posvat, wat uiteindelik kan lei tot al meer verwerping van hierdie onnatuurlike multikulturele eenheidstaat. Tans is daar in hierdie eenheidstaat sowat twaalf hoof-inheemse etniese groepe, plus die Blankes, Bruines en Indiërs, en terwyl dit onlangs bekend geword het uit syfers van die ge-RICA-de selfoonnetwerke dat daar sowat 27 miljoen buitelanders uit Zimbabwe, Nigerië, Ethiopië, Somalië, Pakistan, Bang-ladesj, Malawi, Tanzanië en nog enkele ander lande, tans in die land is. So 'n staat kan eenvoudig op die lange duur nie werk nie.

Die peiling is onder wit Afrikaanssprekendes gedoen deur die *Ground Control Research*, en volgens verskeie kommentators, met uitsluiting van prof. Piet Croucamp, is dit 'n geloofwaardige peiling deur 'n geloofwaardige instelling.

Terwyl Cyril Ramaphosa en sy linkse media-handlangers en akademië probeer walgooi vir al wat hulle kan, glo 40% van die deelnemers aan die opname sterk daarvoor dat daar wel 'n volksmoord teen blanke Afrikaners aan die gang is. Die een aspek van hierdie bevinding, is dat die media stadigaan besig is om hulle beheer te verloor en dat Afrikaners hulle steeds minder steun aan wat uit daardie geledere aan hulle opgedis word. Uit die peiling blyk dit ook dat 48% meen wit Suid-Afrikaners word meer benadeel as ander bevolkingsgroepe in die land, 45% het nou minder hoop vir Suid-Afrika as in 1994, en slegs 28% glo dat die verskille tussen rasse en klasse oorbrug kan word. Dit beteken dus dat 'n yslike 72% nie glo dat dit moontlik is nie.

Wat Van Heerden van die Betereinders nou bekommer, is

dat “wat in die ou dae as regs beskou is, nou as't ware die middelgrond is”. Selfs Croucamp moet erken dat 'n beïndruigende deel van die Afrikaners beweeg het, “nie noodwendig na regs nie, maar definitief na groter konserwatisme toe”. Volgens mnr. Flip Buys van die Solidariteitbeweging is dit bemoedigend dat een van die sleutelbevindings in die peiling dui op 'n gemeenskap wat sterk verbind is tot geloof, kultuur en identiteit. As mense niks meer voel vir Afrikaans of Afrikanerskap nie, emigreer hulle eenvoudig, sê hy.

Ons is dus positief daarvoor dat daar 'n verskuiwing na regs begin plaasvind, alhoewel dit duidelik is dat die meerderheid Afrikaners nog nie daar is nie, maar waarskynlik wel onderweg is daarheen. Dit kan nie anders nie, want daar word steeds meer van die Afrikaner en sy afkoms afgetakel en afgebreek. En van die voorbeelde is die huidige debat oor die verandering van die geskiedenis-leerplanne op skole, waar begin is om Jan van Riebeeck op sy skip terug na Nederland te stuur, en waar aangemoedig gaan word om die geskiedenis uit 'n Afrika-perspektief te vertolk. Daar gaan nie meer gepraat word van die Slag van Bloedrivier nie, maar leerlinge gaan geleer word om “die geveg wat in 1838 by die Ncomerivier gevoer is” te bestudeer vanuit 'n Afrika-perspektief.

'n Ander peiling wat positief is, is die jongste Ipsos-peiling wat die ANC se steun tans op 33% toon. Wat insiggewend is, is dat die ander partye geen wins toon uit die ANC se verliese nie. Die DA, EFF en MK se steun is onveranderd teenoor vorige peilings, en kan dalk 'n aanduiding wees dat meer kiesers vertroue in die hele politieke stelsel en bedeling verloor en gaan wegbly van die stembus. In die algemene verkiesing van 2024 het slegs 58,6% van die geregistreerde kiesers gaan stem, terwyl daar baie kiesers is wat nie geregistreer het nie. Tydens 2021 se plaaslike regeringsverkiesing was die opkoms 'n skamele 45,9%, en die vraag gaan een of ander tyd gevra word wanneer enige vorm van regering, hetsy plaaslik of nasionaal, wettig genoem kan word as dit duidelik is dat die meerderheid hulle nie steun nie?

Wat 'n tydelike demper op die Betereinders se peiling kan plaas, is die komende plaaslike regeringsverkiesings. Die DA, wat geen volksparty is nie en nie uit sy pad gaan vir Blanke- of Afrikanerbelange nie, toon volgens peilings in Pretoria steun van 45% van die kiesers, en die keuse van Cilliers Brink as burgemeesterskandidaat, kan talle Afrikaners kortstondig laat vergeet van volksidentiteit, en maar weer vir die veelrasige DA te stem, in die hoop op beter dienslewering.

Een ding is egter seker: soos daar nasionalistiese herontwaking is in feitlik elke Westerse land in die wêreld, sal ook die Afrikaner uiteindelik ten volle ontwaak uit die post-1994 koma waarin hy geplaas is. Jy kan soms lieg vir sommige mense, maar jy kan nie altyd lieg vir almal nie, en die Afrikaners begin dit nou deeglik besef. Ons moet net voortgaan met daardie bewusmaking.

# Jan van Riebeeck weer relevant in 2026

*Danksy die ANC se behepthed met die verlede, en om veral skuldiges daar te gaan soek waar hulle self vandag misluk het, het hulle vir Jan van Riebeeck 'n nuwe historiese statuur gegee. Hulle belaglikheid gaan so ver as om te wil beweer dat apartheid by Van Riebeeck begin het.*

*Die feit van die saak is dat die ANC se swart voorsate nie naby die Kaap was in Van Riebeeck se tyd nie.*

*HNP-Hoofsekretaris, **Hermanus van der Schyff**, het 'n bietjie in die geskiedenis rondgesoek om met die oog op 6 April se Van Riebeeck-herdenking, en om die ware geskiedkundige feite en agtergrond daar te stel:*



Die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie was 'n suiwer handelssluggaam. Sy enigste strewe was om soveel direkte winste as moontlik deur alleenhandel met die Ooste te maak. Daarom het volksplantingskolonies glad nie op sy program voorgekom nie, omdat sulke kolonies gewoonlik groot koste en verantwoordelikhede meegebring het.

Met die stigting van die Kaap het die Kompanjie dan ook geen volksplanting in die vooruitsig gehad nie. Jan van Riebeeck is met 90 Kompanjiesdienare gestuur om 'n verversingspos te stig, uitsluitlik in diens van die handel met die Ooste.

Jan van Riebeeck het met drie skepe by Tafelbaai aangekom, naamlik die Drommedaris, die Reijger en die Goede Hoop. Sy skepe was in 'n beter toestand as die vlootskip (dalk skepe) van Suid-Afrika.

Jan van Riebeeck het sy Fort De Goede Hoop in die Tafelvallei gebou. Dit was die plek van waar die blanke beskawing hom gedurende die loop van eeue van die Kaap tot aan die Zambezi uitgebrei het.

Toe Van Riebeeck op 6 April 1652 hier geland het, was nie veel meer as Tafelbaai, met die om-

liggende berge, die Sout-en Varsrivier en Saldanhabaai bekend nie. Omstandighede het Van Riebeeck egter land ingedryf.

Hy en sy houtkappers het reeds in die stigtingsjare die Liesbeekrivier, Houtbaai en die teenswoordige Wynberg besoek. Om die kus te verken, is galjote na Saldanabaai en later na die Ooskus gestuur. Om die veeruil met die Hottentotte te bevorder, het Jan Wintervogel in 1655 die land noordwaarts 250 km ver ingetrek, en wel deur die teenswoordige Malmesbury se distrik.

Van Riebeeck kon nie slaag om genoeg kos te hê vir eie gebruik en vir skepe wat aan Tafelbaai aangedoen het nie.

Twee jaar na sy aankoms aan die Kaap, het Van Riebeeck die volgende gelofte afgelê,

"Waar dit vandag die tweede verjaarsdag is van die dag waarop ons deur die Here gelei met die skepe Drommedaris, die Reyger en die Goede Hoop hier ter plaatse behoue aangeland het om hierdie vesting en kolonie na die bevel van ons here en meesters (Here XVII) te bou en te bestendig, en opgelet het dat God die Here alle sake tot vandag toe met vele seëninge voorspoedig en na wense laat verloop en laat slaag het, het ons besluit, en ook vir die eerste keer begin om hierdie dag, die 6e April, tot eer van God met danksegging te vier en vir altyd tot 'n vasblywende dank- en biddag in te stel, sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word."

Op aandrang van Van Riebeeck het die Direkteure van die Kompanjie in Oktober 1655 toegestem tot die vestiging van vryliede aan die Kaap. In Februarie 1657 het Van Riebeeck nege amptenare vrygestel. Die voorwaarde waarop hulle die grond gekry het, was onder andere die volgende:

1. Elke vryburger sou 11,5 hektaar ontvang.
2. Hulle moes hul hoofsaaklik op die graanbou toelê, maar kon tabak vir eie gebruik kweek.
3. Hulle sou 12 jaar vry van belasting wees en hulle gereedskap sou drie jaar lank gratis verskaf word.
4. Hulle kon beeste van die Hottentotte ruil.
5. Grond sou alleen aan getroude Nederlanders en Duitsers van goeie karakter toegestaan word.

Hiermee het die verversingspos 'n kolonie geword.

Hierdie is 'n kort inleiding tot Van Riebeeck en sy werk om die verversingspos behoorlik te laat werk.

As mens die geskiedenis van Van Riebeeck lees, lees jy net van Hottentotte en nie van enige swart stamme of groepe nie. Dit is dus waar dat daar nie grond gesteel is nie.



# DIE SLAG VAN MOSTERTSHOEK, 3-4 APRIL 1900

## Prof. Fransjohan Pretorius

Op 3 en 4 April 1900 het genl. Christiaan de Wet by Mostertshoek naby Reddersburg in die Anglo-Boereoorlog bewys dat geïsoleerde Britse kolonnes geensins veilig was in die nuwe guerrillaoorlogvoering nie.

Met Bloemfontein op 13 Maart 1900 in sy hande, het die Britse opperbevelhebber, lord Roberts, gereken weerstand in die Vrystaat is verby. Twee weke later het De Wet egter die guerrillaoorlog ingelui met 'n oorwinning by Sannaspos, naby Bloemfontein.

Sannaspos het Roberts daarvan oortuig dat sy ontplooiing van klein eenhede op die Suid-Vrystaatse dorpe om die indruk te skep dat die oorlog prakties verby was, nie 'n goeie idee was nie. Genl. Gatacre, wat in Desember by Stormberg verslaan is, het kapt. William McWhinnie gevolglik beveel om van Dewetsdorp in die suidooste nader aan die Bloemfonteinsepoorlyn te beweeg. McWhinnie se mag van 400 man het bestaan uit infanterie en berede infanterie (soldate wat te perd was, maar soms as voet-soldate geveg het) van die Royal Irish Rifles en die Northumberland Fusiliers.

Intussen het De Wet in die Dewetsdorp-distrik sowat 100 Boere weer opgekommandeer wat vroeër die wapen neergelê het. Hy het sy kommando's verder noord gelas om by hom aan te sluit. Gevolglik het 200 burgers onder genls. Stoffel Froneman en A.I. de Villiers hulle om vyfuur die oggend van 3 April by De Wet gevoeg. Die res het met afgematte perde agtergeraak en stadig met twee kanonne gevolg.

Geskei deur 'n lang heuwelreeks het De Wet vir McWhinnie ongesiens in die oog gehou. Uiteindelik is die Boere net voor Hexrivierberg gewaar. Dit is 'n rant in die vorm van 'n perdeskoen, omtrent 1,5 km lank, op die plaas Mostertshoek, 6 km noordoos van Reddersburg.

McWhinnie het die verdedigingswaarde van Hexrivierberg besef. Omstreeks negeuur die oggend het hy die rant beset, die berede infanterie aan die westekant en die infanterie onder hom aan die oostekant. Toe hy De Wet se aanbod van oorgawe van die hand wys, het 'n kleingeweergeveg losgebars. De Villiers het die westelike gedeelte van die rant aangeval en Froneman die oostelike gedeelte. Teen sononder is vuur gestaak. Intussen is die Boere deur die aankoms van die twee kanonne versterk.

In die nag het De Wet se getalle tot 800 man aangegroei. Ligdag het sy twee kanonne die geveg herwat en het De Villiers se manne die westelike gedeelte van die rant bestorm. Teen agtuur het die Britte daar die wit vlag gehys. Teen halftien het McWhinnie op die oostelike gedeelte oorgegee. Britse verliese was 459 krygsgevangenes, en 10 man gedood en 37 gewond. Boereongevalle was drie dood en drie gewond.

Indien McWhinnie effens langer uitgehou het, kon sake anders verloop het. Op sy versoek die vorige aand aan Gatacre om hulp 32 km daarvandaan, was Gatacre se voorhoede om tienuur op die oggend van 4 April slegs 8 km van Mostertshoek af. Hy het egter daarteen besluit om De Wet te konfronteer. 'n Week later het Roberts hom van sy bevel onthef.

Mostertshoek vier dae ná Sannaspos het De Wet se waarde as guerrillaleier beklemtoon. Hy het opgemerk dat hulle teen die Britse oormag vinnig in verkenning, vinnig in veg en vinnig in vlug moes wees.

(uit: *Terugblik — 80 sketse van ons verlede* deur Fransjohan Pretorius. Protea Boekhuis, Pretoria (nuwe naam Aristata Boekwinkels). Met goedgunstige toestemming van die outeur).



# Groot uitdagings vir ons volk

In my vorige rubriek het ek afgesluit met die volgende stelling: Om ons vryheid terug te wen moet ons 'n werkende volk bly. Elkeen moet op een of ander manier aktief betrokke wees.

Dit klink vanselfsprekend, nie waar nie? Tog kom dit voor dat met al die pogings van 'n stuk of twaalf Afrikanerbemande organisasies, ons nog nie uitgekome het by 'n breë volksbetrokkenheid by ons vryheidstryd nie. Daar is nie eensgesindheid oor doelstellings en werkbare strategieë nie. Dit laat baie Afrikaners op die kantlyn staan; mense wag vir duidelike rigting en vir sinvolle projekte waarby hulle kan inval. Gelukkig is daar wel 'n gedeelte van ons volk wat betrokke bly en waardevolle werk verrig. Daarvoor is mens dankbaar. Maar, die werklikheid is dat tienduizende Afrikaners steeds onbetrokke bly.

My aanvoeling is dat hierdie gefragmenteerde toestand nog lank sal voortduur. Dit is kenmerkend van mense wat 'n ernstige stryd verloor het. Elkeen het 'n soort kitsoplossing of kort antwoorde wat probeer verklaar wat gebeur het. Baie min het praktiese idees waarmee gewone mense elke dag kan werk en wat die pad moet oopmaak na 'n eie toekoms. Dr Verwoerd se oproep was immers hierop gerig: "Skep jou eie toekoms". Dit wil sê: Moenie staan en kyk vir die buiteland nie of wag tot iemand 'n towerformule uitgevind het nie. Slaan self die hand aan die ploeg.

Een van die sterk banke wat die Afrikaners na die Eeufees van 1938 en die Ekonomiese Volkskongres opgerig het, was *Volkskas* – met die bekende leuse "Arbeidsaamheid". Baie van ons ouer mense sal dit nog goed onthou. Daardie enkele woordjie het my altyd beïndruk. Ons moet dit saamlees met dr Verwoerd se kort en kragtige oproep.

Wat skort dan in ons volksgeledere? Ek wil aan die hand doen dat ons nog maar skaars begin werk het aan 'n langtermyn plan vir die toekoms. Ons volk is reaktief, elke gebeurtenis wat ons raak lok reaksie uit; maar ons werk nie volgens 'n ooreengekome strategie nie. Ons werk nie aan die grondslae vir 'n oorwinning in die toekoms nie.

Dit is dalk maklik gesê. Toets dit maar self aan al die kongresse wat u al bygewoon het, die dinkskrum byeenkomste en die lang besprekings oor self-beskikking. Ons is 'n pratende volk; nie 'n doenende volk nie. In 1994 het die HNP die inisiatief geneem met die stigting van die GHA om die stryd vir Afrikaans volkswyd voort te sit, met die ywer wat 'n Hennie Terblanche sedert die 1960's aan die dag gelê het. Dit was 'n saak vir die hele Afrikanerdom. Die FAK is genooi om betrokke te raak, maar dié Afrikanerorganisasie het afsydig gebly.



Hulle wou eerder meer kleurlinge betrek en iets onderneem vir mense wat hulle skielik "Afrikaanses" begin noem het. Samesprekings tussen die GHA en die FAK daarvoor het toe op niks uitgeloopte nie.

In dieselfde jaar wat die GHA gestig is het prof Adriaan Pont, mnr Gert Beetge en mnr Andries Breytenbach 'n volkskongres gereël waartydens die krisistoestand (nl die magsoorname van die ANC) in oënskoue geneem moes word. Daar moes nuwe planne beraam word. Ons ervaring was toe dat dit beskou is as 'n HNP-inisiatief, en belangrike groepe het hulle deelname geweier. Die kongres was nogtans 'n groot sukses. Rigtinggewende referate is daar gelewer deur ervare en kundige sprekers. Ongelukkig is van die vrugbare idees nooit behoorlik opgevolg nie. Lees gerus weer die referate in die publikasie: *Ons sal opstaan – Volkskongres, 17-18 November 1994*.

Tydens die onlangse werkproses van die Forum vir Strategie is 'n brosjure opgestel, gegrond op 'n strategiese oefening wat 'n klompie ingenieurs in 2003 onderneem het. Ek wil in hierdie rubriek van hierdie bron gebruik maak om aan te toon op welke terreine daar aan die toekoms van ons volk gewerk kan word.

Komende van ingenieurs kan mens verwag dat die oefening daarop ingestel was om die uitdagings van die toekoms in praktiese terme te beskou. Die bewoording van die dokument wat opgestel is, getuig daarvan. Daarby is die strekking van die twaalf uitdagings wat geïdentifiseer is van so 'n aard dat dit tot elke denkbare Afrikanerorganisasie moet spreek. Dit is nie die uitdagings vir net een groep, net een party, net een kultuurorganisasie of net een kerk nie. Dit is 12 uitdagings wat elke Afrikanergesin in die gesig staar.

In die voorwoord tot die genoemde brosjure word daar gesê: "Vandag word soveel van ons Afrikanergesprekke oorheers deur spekulasies, onderlinge verdeeldheid en die afwesigheid van doelgerigte optrede waaraan ons volk landswyd kan deelneem. Dit is goed om weer na hierdie twaalf uitdagings te kyk en onself ernstig af te vra: Hoe moet dit in die praktyk lyk? Wat kan ons self doen in eie kring om meer prakties op te tree? Wat gee vandag vir ons koers in die krisis?" ■

---

# Vanaf die lessenaar van die Hoofsekretaris

---

## Monopolieë en politieke mag

### Hermanus van der Schyff

In hierdie uitgawe volg ons weer 'n hoofstuk uit mnr Jaap Marais se boek "Waarheid en werklikheid".

Hy skryf die volgende onder: "Monopolieë en politieke mag"

"Die groei van die monopolistiese maatskappye is aan veral vier redes toe te skryf. Die eerste is dat met die herhaalde verhoging van die geldvoorraad deur die Regering se versuim om prysbeheer in te stel, fabrikante en finansiële maghebbers in staat gestel is om hulle pryse telkens te verhoog, sodat die verminderde koopkrag van geld hulle nie geraak het nie. Hoe groter die monopolistiese houvas wat hulle het, hoe groter die prysstygings, omdat 'n konkurrent nie die mark kan betree om pryse af te dwing nie.

"Daarby het die verskuiwing van koopkrag na die Swartes die gevolg dat lone vinniger uitgegee word en dat die voorsieners van goedere soos klerasie, voedsel, drank, ens., 'n groter en vinniger omset kry.

"Die derde faktor wat die monopolistiese groepe bevoordeel, is deur die belastingstelsel. Die groot beleggingsmaatskappye se winste word as kapitaalwins skaars belas. Anglo-American Gold Investment het byvoorbeeld in 1974 op 'n wins van R73 miljoen nie 'n sent belasting betaal nie, en in 1979 op 'n wins van R72 miljoen net R425 000. Maar in 1980 op 'n wins van R130 miljoen is geen belasting betaal nie. Anglo-American Investment Trust se wins in 1979 was R80 miljoen, waarop hy R250 000 belasting betaal het. In 1980 was sy wins R91 miljoen en die belasting net R137 000. Anglo-American Corporation se wins in 1974 was R90 miljoen waarop R5 miljoen belasting betaal is, dit wil sê, minder as ses persent. In 1979 was sy wins van R253 miljoen waarop R17 miljoen belasting betaal is, en in 1980 was dit R382 miljoen, waarop R25 miljoen belasting betaal is. Dit is steeds sowat 6 persent.

"Hierdie belasting is klaarblyklik net 'n fraksie van die 42 persent wat gewone maatskappye betaal.

"Die NP se monetêre, fiskale en algemene ekonomiese beleid het dus die monopolievorming bevestig en 'n al kleiner wordende groepie wins-

gieriges in staat gestel om 'n magsposisie te bereik vanwaar hulle die samelewing kan uitbuit en tiraniseer. Dit is 'n euwle situasie. Niemand in 'n samelewing moet toegelaat word om soveel ekonomiese mag te hê dat hy die samelewing aan sy politieke doelstellings kan verslaaf nie.

"Hierdie belange het vandag 'n direkte verbindingslinie na die NP-regering en die beleid van inflasie van die geldvoorraad word hoofsaaklik uit dié kringe gemanipuleer. Met elke groot verhoging van die geldvoorraad ontstaan nuwe ondernemings en brei bestaande ondernemings uit. Dan, met die daaropvolgende inkrimping van die geldvoorraad, die inkorting van krediet en die algemene verslapping in die in die ekonomie, raak dié ondernemings in die moeilikheid en insolvensie of word aan die monopolieë oorgelewer. So word 'n groot deel van die bevolking verarm ter wille van 'n klein groepie winsgieriges wat hulle finansiële mag aanwend om die politiek na hulle belange te buig, soos Anglo-American en London in die geval van Rhodesië gedoen het."

Dit wys maar net dat mnr. Marais al in 1983 die gekonkel in die ekonomie verstaan het en uitgewys het, maar dat die regering maar net met hul gekullery voortgegaan het. 'n Ander invloed van die monopolieë is dat hul die linkse politiek ondersteun het en selfs die onderhandelings om die mag aan die ANC en hulle meelopers oor te gee, ondersteun het. Nou sit ons met 'n politieke mag wat hulle mag gebruik om staatsgeld wan aan te wend en om met 'n gekonkel groot kontrakte los te slaan en om dan die geld, of die meeste van dit, in hul sakke te druk en geen kontrak behoorlik hanteer en/of af te handel nie.


Ek sal maar weer uitwys dat die HNP sulke gedrag voor die oorgee voorspel het, maar die meeste mense het maar geglo dat die NP nie die mag net so sou oorgee nie. En nou is daar armoede, misdaad, bedrog, verval van plaaslike beheer en in standhouding en regeringsvriendskap met state wat nie op vriendelike/aanvaarbare wyse met ander state bande hou nie.



# Woord en wêreld

## Effektiewe Gebed 2

Deur Dr. Gideon Grobler



**Skrifgedeelte:** Markus 11:22-26 *Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. 23 Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see — en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur — hy sal verkry net wat hy sê. 24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. 25 En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe. 26 Maar as julle nie vergewe nie, sal julle Vader wat in die hemele is, ook julle oortredinge nie vergewe nie.*

**Oordenking:** Ter wille van onthou, ons is met die aspekte van effektiewe gebed besig. Ons het in die vorige oordenking, behalwe vir 'n stukkie inleiding, na die historiese aspek gekyk. Daarvolgens herinner ek my die groot dade van God in sy Almag! Ek put krag uit wat God mense al laat doen het.

Natuurlik gaan dit nie oor dinge wat God ons nie toelaat nie. Die hele debat oor byvoorbeeld gebedsgenesing, val nie hieronder nie, want dit was gawes, bekwaamhede wat Christus nét aan die apostels gegee het. Natuurlik sou dit kon insluit persoonlike ervaring van geleenthede waar ek duidelik weet dat God dit of dat in my lewe laat gebeur het op grond van my eie gebed.

Die **tweede aspek** gaan oor wat ons in vers 22 lees. "... Julle moet geloof in God hê." Hierdie is nie 'n wenk wat die Here ons gee nie, maar 'n klipharde en duidelike opdrag! "Julle moet geloof in God hê..."! Hierdie punt, die teologiese, gaan oor God, nie oor my en jou geloof nie. Daarom noem ek dit ook die gehoorsaamheidsaspek.

Gehoorsaam die opdrag om God te vertrou, om geloof in Hom te hê.

Hierdie punt het niks te doen met ons geloof nie, maar met God.

Vertrou God dat Hy steeds in staat is om te doen, met alles waaraan jy jouself herinner het onder die historiese punt, toe ek sy kragtige wonderwerke, soos die vyeboom in herinnering geroep het!

"Julle moet geloof in God hê..."! Hoor mooi die opdrag, geloof in God, ...geloof in die vermoë van God!

Kom ons blaai 'n bietjie terug in Markus. In 9:21. U onthou die verhaal van die man wat sy seun na Jesus gebring het. Die seun wat 'n duiwelse gees in hom gehad het. Die seun uit wie die dissipels nie die duiwels kon uit dryf nie. Dit het gebeur onderwyl Jesus met Petrus Johannes en Jakobus op die berg by die verheerliking was.

"Daarop vra Hy sy vader: Hoe lank is dit al dat dit hom oorgekom het? En hy sê: Van sy kindsdae af; 22 en dikwels het hy hom selfs in die vuur en in die water gegooi om hom dood te maak. Maar as U iets kan doen, (eie beklemtoning) ontferm U oor ons en help ons." Kan u hoor, "as U iets kan doen", hy betwyfel Jesus se vermoë om hom te kan help. Presies dit is wat die opdrag hier in hoofstuk 11 is! Ek mag nie daarin twyfel nie.

Baie vinnig verander die man se storie wanneer Jesus hom in vers 23 vra: "— as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."

Hierdie man kom na Jesus seker omdat hy gedink het Jesus kan help. Dan is Jesus nie daar nie en die dissipels, wat nou die dag uitgestuur was en toe duiwels kón uitdryf, probeer nou weer, en nou kan hulle nie! Hierdie omstandighede maak hom twyfel, daarom vra hy in v. 22 *as U iets kan doen*, Dit herinner aan Petrus wat die eerste paar treë op die water loop en wanneer hy bewus word van die omstandighede, begin hy twyfel en sink. Ons kom later terug na beide die voorbeelde.

"24 *En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, (eie beklemtoning) kom my ongeloof te hulp!*" Kom my twyfel in U vermoë tot hulp! Baie moontlik is dit ook jou en my bede: "... kom my ongeloof te hulp!" Onder die volgende aspek, kom dit weer ter sprake.

U sien waaroor gaan Jesus se opdrag "Julle moet geloof in God hê..."! Julle moet glo in Jesus se vermoë om enigiets te kan doen. Daarom die historiese komponent waarin ek aan baie voorbeelde dink waar Hy dit wél gedoen het!

U verstaan dat dit nie hier oor die grootheid van my en jou geloof gaan nie, maar oor God se vermoë.

My geloof hiér, ... is die leë hande wat die genade en die Almag van God wil ontvang!

Om effektiewe gebed te hê moet jy God glo, bedoelende in sy krag sy beloftes!

**Gebod:** *Hemelse Vader, maak ons asseblief gehoorsaam aan U opdrag om U te glo!*

**Amen**

# Buiteland



## Staatshoof noem Biden “verstandelik gestremd”

Die hele wêreld het die een dag nog gretig gekyk hoe Amerika se president Donald Trump verslaggewers ingelig het oor belangrike opdatings, en 'n dag later is 'n skietstilstand met Iran aangekondig, wat voorlopig vir twee weke sal duur.

Tydens sy opdatings oor die oorlog in Iran het hy ook onthul watter staatshoof voormalige president Joe Biden "verstandelik gestremd" genoem het.

Tydens die inligtingsessie het Trump nog sy Iran-ultimatum herbevestig en Amerikaanse bondgenote aangeval omdat hulle nie die Verenigde State in die oorlog bygestaan het nie. Trump het bondgenote soos Australië, Japan en Suid-Korea gekritiseer voordat hy kortliks oorgegaan het oor watter wêreldleier Biden se geestestoestand gekritiseer het.

"Ons het 45 000 soldate in Suid-Korea om ons teen Kim Jong-un te beskerm, met wie ek baie goed oor die weg kom, soos jy weet," het Trump gesê. "Let jy op, hy het baie mooi dinge oor my gesê."

"Hy het Joe Biden 'n verstandelik gestremde persoon genoem, reg? So moenie my van jou goed vertel nie," het Trump vir 'n verslaggewer gesê wat voorgestel het dat kritici eis dat Trump sielkundig geëvalueer word. "Joe Biden,' het hy (Kim Jong-un) gesê, 'is 'n verstandelik gestremde persoon.' Hy was so gemeen teenoor Joe Biden. Dit was verskriklik."


Vroeër in die inligtingsessie het 'n verslaggewer Trump onder druk geplaas oor sy Truth Social-plasing op Paassondag waarin hy die Iraniërs "mal bliksems" genoem het en afgeteken het met: "Alle lof aan Allah."

"Wat is jou reaksie op kritici wat sê dat dit jou geestesgesondheid is wat dalk ondersoek moet word soos hierdie oorlog voortduur?" het die verslaggewer gevra.

"Ek gee nie om vir kritici nie," het Trump onderbreek. "Ek het dit nog nie gehoor nie," het Trump bygevoeg. "Maar as dit die geval is, sal jy meer mense soos ek moet hê."

---

## Selfs CNN dink Republikeine gaan wen



Die wêreld se linkse media, ondersteun deur "politieke kenners" sien al 'n oorwinning vir die Demokratiese Party in Amerika met die halftermyn verkiesings wat in November plaasvind. Hulle hoop dat die Republikeine pak slae sal kry, waardeur pres. Donald Trump se laaste twee jaar as president baie moeilik gaan word en dat sy politieke vlerke dan drasties geknip gaan wees.

Maar selfs die vurige Trump-hater van CNN is nie so seker daarvan nie.

CNN se meningspeilingsontleder, Harry Enten, sê nuwe meningspeilingsdata toon dat die Demokrate waarskynlik nie daarin sal slaag om beheer oor die Amerikaanse Senaat terug te kry as tendense nie omkeer nie.

Enten het erken dat hoewel Demokrate steeds effens bevoordeel word in die generiese kongresstemming, dit nie genoeg is om die Senaat van Republikeinse beheer terug te neem nie.

"Jy sou die argument maak dat Demokrate ver voor moet wees, maar hulle is net effens voor," het hy gesê.

Terwyl meningspeilings Demokrate met 'n vyfpunt-netto-begunstigingsgradering vir die 2026-verkie-sing toon, is dit heelwat laer as hul netto gradering in die 2018-middeltermynverkiesings, wat agt punte was, en 2006-middeltermynverkiesings, wat 11 punte was. Dit was die laaste twee middeltermyn-verkiesings met 'n Republikeinse president ter vergelyking.

"Demokrate loop, eenvoudig gestel, agter hul vorige maatstaf, en hulle moet ver voor hulle loop as hulle die Amerikaanse Senaat wil terugneem, gegewe daardie kaart," het Enten gesê.

Hy het bygevoeg dat hoewel president Donald Trump se gunstigheidsgradering onlangs 'n knou gekry het, Demokrate blykbaar nie genoeg voordeel daaruit kan trek om beide kamers van die Kongres te verower nie.

"Demokrate is voor, maar hulle is slegs vyf punte voor met 'n president wie se netto goedkeuringsgradering op minus 20 tot minus 30 grens, afhange van watter meningspeilings jy kyk," het Enten gesê.

CNN-aanbieder John Berman, het daarop gewys dat hulle die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers mag wen ten spyte van die lae gradering omdat die gaping so naby is.

"Ek dink vyf punte is genoeg om die Huis terug te neem, maar in die Senaat is vyf punte amper seker nie genoeg as jy dit op die Senaatskaart toepas nie," het Enten geantwoord.

"Waarom sê ek dit? Want kom ons kyk net. Die Republikeine sou die Senaat met hierdie kaart wen. Kom ons sê Republikeine hou net vas aan die state wat Trump met meer as 10 punte gewen het. Dit sou hulle in werklikheid die Senaat gee, 51 tot 49," het hy verduidelik.

Onder daardie omstandighede sou Demokrate setels in Noord-Carolina en Maine inneem, maar Republikeine sou setels in Ohio, Texas en Alaska behou, volgens sy ontleding.

NBC News-ontleder Steve Kornacki het amper dieselfde gevolgtrekking vir Demokrate gehad oor hul kans om beheer oor die Kongres terug te neem.

---

